LEEF JOU GELOOF

Bel jou grootouers! Of as hulle nie meer lewe nie, oorweeg dit om ‘n ouma en oupa in die aftree-oord aan te neem. Dit is in elk geval ‘n goeie idee, want daar is baie eensame bejaardes

---

NET VIR OUERS

Wanneer jou kinders tye van onseker-heid beleef - ongeag wie of wat dit veroorsaak het - ondersteun hulle altyd onvoorwaardelik.

NOTAS

OORTREDERS SAL ~~VERVOLG~~ AGTERVOLG WORD!

BESTE EN SLEGSTE

Gee elkeen ‘n kans om oor die beste en slegste oomblik van elkeen se dag te gesels.

WAAR HET JY JESUS VANDAG ONTMOET?

Gesels met mekaar oor waar elkeen vandag vir Jesus ontmoet het, of oor iets of iemand wat jou aan Hom laat dink het.

BYBEL

Lees Genesis 28:10-22.

* Wat het jou die meeste aangegryp in die Bybelstorie?

* Dink jy God praat vandag nog deur drome?

* As jy ‘n altaar moet bou om jou te herinner aan jou verhouding met God, wat sou dit wees en waar sou jy dit bou?

'n Tyd gelede is daar in 'n geselsprogram met 'n vrou uit Afrika gepraat, blykbaar 'n koningin van die een of ander Afrika-stam. Sy was op 'n toer deur die VSA en in daardie stadium besig met besoeke aan skole in die stad New York.

Die vrou het vertel dat sy by 'n klaskamer van een van die skole ingestap het waar 'n kind in die hoek van die klas gesit het. Hy was besig om straf uit te dien terwyl die res van die klas buite gespeel het.

Sy het die onderwyser oor die kind uitgevra. Dié het haar ingelig dat die besondere kind die groot moeilikheidmaker was in sy klas en in die skool. Hy was wreed en afknouerig! Hy wou glad niks leer nie en wou soveel kinders as moontlik met hom saamsleep op sy vernietigingstog! Hy sou nooit êrens kom nie, het die onderwyser gekla.

Die koningin het na die seun gestap, langs hom gaan sit, 'n klein boekrol uitgehaal en vir hom gesê: "Baie geluk. Hierdie boekrol maak van jou 'n ereprins van my mense!"

Sy het toe die seun vertel van haar stam en wat dit vir haar mense beteken as jy 'n prins is. Sy het vertel dat prinse gerespekteerde mense is, dat hulle omsien na die ander mense van die stam en dat hulle altyd 'n voorbeeld stel vir die ander stamlede om na te volg.

Die seun het aandagtig na al hierdie dinge geluister en die boekrol by haar geneem. Die koningin het daarna die klaskamer verlaat. Toe gebeur daar iets merkwaardigs.

Die seun het volgens opvolgbesoeke geen verdere gedragsprobleme getoon nie. Hy het presies geword waarvoor die koningin hom aangestel het – 'n prins van die stam. Hy het van toe af soos 'n prins in en om die skool opgetree.

Wat die koningin van Afrika vir die seun van New York gedoen het, is presies wat God by Bet-El vir Jakob gedoen het. Jakob is in 'n hoek gedryf deur sy slegte optrede. Hy vlug van die huis af want sy broer, Esau, soek sy bloed. En in sulke omstandighede agtervolg God hom en sê vir hom in 'n droom wat in Genesis 28:15 staan.

Wat 'n vriend is God nie vir sy mense nie! Walter Winchell het God se vriendskap baie mooi opgesom toe hy gesê het: "'n Vriend is iemand wat instap wanneer die hele wêreld uitgestap het."

Soms is God die enigste vriend van wie dié definisie waar is! Jakob se leer bevestig dit, en dit sal altyd 'n simbool daarvan bly dat jy op God kan reken.

DOEN SAAM :

In die ou-ou tyd was daar 'n speelding met die naam Jacob se leer. Volgens 'n ou legend is een van dié speelgoed in Koning Tut se grafkelder, tussen al sy skatte gevind. Dit beteken dat daar al so vroeg as in die Jaar 1352 v.C. met dié speelding gespeel is. Jy kan meer oor die speelding lees by http://www.instuctables.com/id/A-Traditional-Jacob--s-Ladder/ Gebruik die instruksies in die skakel hierbo om so 'n "leer" te maak. Skryf op die boonste blok: *God is altyd by ons* en op die onderste blok: *Ons verbondenheid aan God (*Sien Genesis 28:20-22.) Leer gerus 'n paar van die *cool* truuks wat jy met hierdie speeding kan doen.
Laat dit julle herinner aan God se liefde en aan julle liefde vir Hom, elke keer wanneer julle daarmee speel.

GEBED:

Vergun on dit, O Hemelse Vader,
dat ons mag leef in u hart,,
mag sterf in u guns,
mag rus in u vrede,
mag ontwaak in u almag,
mag heers in u heerlikheid;
terwille van u Seun,
Jesus Christus on Here.
Amen